# REDAKSIONEEL

## HET LUTHER 'N DRINGENDE BOODSKAP VIR ONS?

Die herdenking van die geboortedag van Luther 500 jaar gelede hou vir ons rondom *In die Skriflig* besondere waarde in. Eerstens ken ons Luther dikwels op hoorsê en waardeer ons hom net as stormram om by sy "geestelike kind" Calvyn en die Reformasie in gereformeerde Nederland te kom. Verskillende artikels in hierdie uitgawe toon hoe stimulerend nuwe aandag vir Luther kan wees.

# STATUTE VAN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE VERENIGING

Op die GTV jaarvergadering 14 Junie in die kerkgebou van die Gereformeerde kerk Krugersdorp is benewens die insiggewende referate gelewer deur proff. J. L. Helberg en L. Floor ook 'n gewysigde statute aanvaar. Dit lui soos volg:

1. *Naam:* Die naam van die vereniging is: Die Gereformeerde Teologiese Vereniging.

2. *Grondslag:* Die grondslag van die vereniging is die Heilige Skrif en die drie Formuliere van Eenheid.

3. *Doel:* Die doel van die vereniging is die bestudering van teologiese vraagstukke, en meer in besonder die uitbouing van die Gereformeerde Teologie.

4. *Middele:* Die vereniging trag om sy doel te bereik deur middel van:-
   - 4.1 die hou van gereelde algemene ledevergaderings waarop teologiese vraagstukke bespreek word;
   - 4.2 die uitgee van 'n teologiese blad, selfstandig of as onderdeel van 'n bestaande blad;
   - 4.3 die bevordering van wetenskaplik-teologiese publikasies;
   - 4.4 die aanmoediging tot stigting van soveel as moontlik plaaslike GTV's.

5. *Finansies:* Die vereniging verkry sy fondse uit:-
   - 5.1 die intekengeld vir die teologiese blad waarvan die vereniging die eienaar is;
   - 5.2 'n heffing ter bestryding van koste tydens algemene ledevergaderings;
   - 5.3 die heffing van ledegelde volgens die behoeftes van die vergaderings;
   - 5.4 donasies.

6. *Organisasie:*
   - 6.1. *Lidmaatskap*
   - 6.1.1 Alle predikante verbonde aan Geref. Kerke in Suidelike Afrika binne Algemene Sinodale verband.

6.1.2. Op aansoek of op voorstel van 'n lid in 6.1.1 genoem kan 'n ledevergadering lidmaatskap aan enige ander persoon wat art. 2 onvoorwaardelik onderskryf, verleen.

6.2 Deur 'n algemene ledevergadering by te woon en die presensielys te onderteken onderwerp 'n persoon wat vir lidmaatskap kwalifiseer hom aan die statute, en verbind hy hom tot die regte en voorregte van die vereniging.

6.3 Algemene ledevergadering.

6.3.1 'n Algemene ledevergadering word verkieslik jaarliks of twee-jaarliks gehou op 'n tyd of plek wat deur die hoofbestuur bepaal word.

6.3.2 Almal wat ingevolge 6.1 lede is kan die stemreg op die algemene ledevergadering uitoefen.

6.3.3 Die algemene ledevergadering is die hoogste besluitnemende instansie van die vereniging.

6.4 Hoofbestuur

6.4.1 'n Hoofbestuur word op 'n algemene ledevergadering verkies om 2 algemene ledevergaderings te reël en te lei, en sal bestaan uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris-penningmeester en twee bykomende lede. Die hoofbestuur bepaal self wie as dagbestuur sal dien.

6.4.2 Die Hoofbestuur behartig die belange van en bevorder die doelstellings van die vereniging tussen algemene ledevergaderings, in ooreenstemming met die statute en die besluite van algemene ledevergaderings.

7. *Die verhouding van die vereniging tot plaaslike GTV's*
Skakeling met plaaslike GTV's geskied deur die Hoofbestuur waar nodig ter bevordering van die doelstellings van die vereniging sonder om die outonome karakter van sodanige GTV's in gedrang te bring.

8. *Wysiging van die Statute*

8.1 Artikel 2 (Grondslag) mag nooit verander word nie.

8.2 Ander artikels mag met meerderheid van stemme gewysig word op 'n algemene ledevergadering nadat 'n wysiging op ordelike wyse op so 'n vergadering gedien het.

Die nuwe hoofbestuur wat vir die volgende vier jaar verkies is, is:

*Voorsitter:* Dr. M. Venter.

*Ondervoorsitter:* Dr. A. N. Helberg.

*Sekr./Penningmeester:* Dr. J. M. Vorster.

*Bykomende lede: Ds:* J. A. Jooste en prof. J. H. van Wyk.

Die Algemene Vergadering het ook sy opregte dank betuig aan prof. B. Spoelstra vir sy versorging van "In die Skriflig" asook mev. Ina Kruger en mnr. J. Boot vir die administratiewe werk in hierdie verband. Die volgende algemene vergadering sal DV in 1985 gehou word.

J. M. Vorster (Sekr. G.T.V.)

## GTV HOOFBESTUUR

## FINANSIËLE VERSLAG 1 AUGUSTUS 1982 TOT 10 JUNIE 1983

### 1. *Lopende Rekening*

| | | |
|---|---|---|
| Saldo op 31 Julie 1982 | | R 3,26 |
| *Inkomste* | | R545,00 |
| Oorbetaling uit Spaarrekening | R 75,00 | |
| Van "In die Skriflig" | R300,00 | |
| Gelde vir jaarvergadering | R170,00 | |
| | | R548,26 |
| *Uitgawes* | | R113,83 |
| Reiskoste bestuursvergadering | R 74,00 | |
| Afrol- en versendingskoste jaarvergadering 1983 | R 39,83 | |
| Saldo op 10 Junie 1983 | | R434,43 |

### 2. *Spaarrekening*

| | | |
|---|---|---|
| Saldo op 31 Julie 1982 | | R393,51 |
| *Inkomste* | | R 11,90 |
| Rente | R 11,90 | |
| *Uitgawes* | | R 75,00 |
| Onttrekking vir lopende rekening | R 75,00 | |
| Saldo op 10 Junie 1983 | | R330,41 |

A. J. du Plessis

SEKRETARIS-PENNINGMEESTER GTV- HOOFBESTUUR

## HERSTIGTING GTV OOS-TRANSVAAL

Tydens die herstigtingsvergadering het ds. L. S. Stavast gespreek oor die Rhema Bible Church en die „teologie" van die stigter daarvan.

As bestuur is verkies:

Voorsitter: Ds. F. J. du T. Lessing.

Onder-voorsitter: Ds. A. Mulder.

Skriba-penningmeester: Ds. W. ten Haaf.

Add. lid en verteenwoordiger op die Hoofbestuur: Ds. J. Ligthelm